**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 14 OKTOBER 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(Ex-officio)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingekskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite *(waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste)* |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr: AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mnr. W Burger | : | Senior Tegnikus: Siviele Ingenieursdienste *(sluit om 09:17 aan)* |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**BKN001/10/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite die vergadering open met gebed.

***

**BKN002/10/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste – siekverlof

***

**BKN003/10/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsheer Wessels verklaar ’n kollektiewe belang met betrekking tot item **BKA013/10/2025**.

***

**BKN004/10/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 16 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 16 September 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN005/10/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 16 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 16 September 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN006/10/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 16 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/10/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/10/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:

- Hy spreek sy waardering uit teenoor elkeen wat bygedra het tot die Prestasie-Evalueringsproses en rig 'n spesiale woord van dank aan Strategiese Dienste vir hul voorbereiding;
- Hy betuig sy innige meegevoel aan die ouers en familie van die seun wat verdrink het;
- Hy spreek sy waardering uit teenoor elkeen wat tot die Erfenisdagvieringe in Velddrif bygedra het, en beklemtoon dat die driepoot-benadering wel suksesvol kan wees; en
- Dat die Visfabriek Toernooi op Vrydag 24 en Saterdag 25 Oktober 2025 te Smitpark Sportgronde, Velddrif plaasvind.

Verklarings/mededelings deur die Speaker:

- Geen

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Geen

***

**BKN009/10/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/10/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/10/2025**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

***(Die Voorsitter reël dat items BKA012 en BKA013 (dringende items) na BKA018 hanteer sal word)***

**BKN014/10/2025**
**TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en gee geleentheid aan die Portefeulje Voorsitters om terugvoering te gee aan die Komitee.

Tegniese Dienste

Die Voorsitter spreek sy misnoeë uit oor die onaanvaarbare toestand van die paaie in die nuwe uitbreiding in Piketberg en herhaal sy vorige versoeke dat die kontrakteur die nodige herstelwerk moet doen aan die paaie, waarvoor betaling reeds gemaak is. Die Voorsitter versoek 'n merkbare verbetering teen Vrydag 17 Oktober 2025.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat sy reeds drie weke gelede versoek het dat die kontrakteur die volgorde van die dorpe aanpas en Piketberg eerste aandag gee, aangesien die toestand van die paaie in Piketberg die swakste is.

Die Direkteur Tegniese Dienste het daarop gewys dat die substandaard toestand van die pad, tesame met onlangse reën, 'n invloed gehad het op die herstelprogram. Hy onderneem om die kontrakteur te versoek om voor Vrydag 17 Oktober 2025 met die herstelwerk te begin.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

Gemeenskapsdienste

Die Voorsitter doen 'n beroep dat daar aandag geskenk word aan die riete by Riemvasmaak sowel as by die riooldam, aangesien dit 'n veiligheidsrisiko en brandgevaar inhou.

Raadsheer Wessels bevestig dat die Grader-operateur reeds aan diens is en dat die betrokke gebied deel vorm van sy roete.

Finansiële Dienste

Die Voorsitter meld dat klagtes ontvang is van verskaffers wat elektrisiteit verkoop, waarin hulle aandui dat hulle nie langer belangstel om elektrisiteit te verkoop nie, aangesien dit nie winsgewend is nie en hulle verdere uitgawes het, soos die aankoop van ink en rolletjies vir die kwitansies. Die Voorsitter versoek 'n gesprek om die klagtes en uitdagings te bespreek.

Verskeie insette en kommentaar is deur die Komiteelede gelewer, met spesifieke verwysing na die opstelling van die tender-spesifikasies, die aantal verskaffers wat elektrisiteit verkoop, wat 'n direkte invloed het op die verkope en die kommissies wat daaruit gegenereer word. Daar is verder opgemerk dat sekere verskaffers addisionele fooie hef vir elektrisiteitsaankope.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat die lys van verskaffers voorgelê sal word vir in-komitee bespreking by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering geskeduleer vir Dinsdag 11 November 2025.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Korporatiewe Dienste

Op navraag van die Voorsitter rakende die vordering met die aanstelling van die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste, rapporteer die Direkteur Korporatiewe Dienste dat die kortlysvergadering op Maandag 06 Oktober 2025 gehou is en dat die onderhoude voor einde Oktober sal plaasvind. Voorts meld hy dat die twee skoonmaker poste gevul is en dat hulle op 01 November 2025 in diens tree.

Uitvoerende Burgemeester

- Die Munisipale Bestuurder meld dat die toekennings wat onlangs ontvang is tydens die "SALGA Provincial Members Assembly" en die "Local Government Indaba", by die Raadsvergadering geskeduleer vir Dinsdag 28 Oktober 2025, aan die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder oorhandig sal word. Sy verskaf 'n bondige oorsig oor die toekennings;
- Die Munisipale Bestuurder bedank elkeen wat aan die Neurozone-kursus deelneem. 'n Beroep word gedoen op diegene wat agter is om hul werk in te haal. Die afsluiting van die kursus is geskeduleer vir Maandag 08 Desember 2025; en
- Die Munisipale Bestuurder meld dat daar 'n Dudula-optog gereël is vir 10:00. Sy versoek toestemming om die vergadering te verlaat ten einde die memorandum te ontvang wanneer die groep by die Biblioteeksaal arriveer.

***

**BKN015/10/2025**
**DRAFT (AMENDED) COMMUNICATIONS POLICY**
**2/B**

The Chairperson introduced the item, whereafter the Municipal Manager highlighted the amendments.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee adopts the Draft Communications Policy as tabled by the Head: Communications in terms of the above-mentioned legal framework;
2. That the Head: Communications distributes the Communications Policy to all staff within the Municipality that has access to e-mail; and
3. That the Head: Communications submits the Communications Policy to ICT for placement on the municipal website.

***HEAD: COMMUNICATIONS***

***

**BKN016/10/2025**
**SLUITING VAN KANTORE VIR JAAREINDE: 2025/2026**
**2/4**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Komitee versoek dat 'n bykomende aanbeveling bygevoeg word wat soos volg lees:

*"1.14 Dat geen formele vergaderings waar Raadslede betrokke is, gehou sal word tussen Maandag 15 Desember 2025 en Woensdag 15 Januarie 2026 nie."*

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die onderstaande reëlings vir 2025/2026 jaareinde goedkeur:

1.1 Dat die munisipale kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026 (uitgesonderd die dienste genoem vanaf 5.4 tot 5.5);

1.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026;

1.3 Dat die verkeerskantore (E-Natis transaksies) binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Woensdag 31 Desember 2025;

1.4 Dat die onderstaande munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word vanaf 29 Desember 2025 tot 02 Januarie 2026 vanaf **07:30 tot 13:00**:

1.4.1 Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit, **uitgesluit** alle Strandoorde wat voldag werk; en

1.4.2 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word;

1.5 Dat Bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid");

1.6 Dat vullisverwydering, reiniging, verkeersdienste, wetstoepassingsdienste asook brandweerdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word;

1.7 Dat **spesiale verlof** aan alle werknemers (**uitgesluit** die wat werksaam is in bogenoemde dienste (paragrawe 5.4.1 tot 5.4.2 en paragraaf 5.5) toegestaan word vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026;

1.8 Dat permanente werknemers wat gedurende bogenoemde tydperk van spesiale verlof (Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026) diens gaan verrig, die **spesiale verlof** (4 werksdae) moet neem voor 30 Junie 2026;

1.9 Dat verkeerskantore op Saterdag 13 en 20 Desember 2025 te Velddrif en Piketberg vanaf **08:00 tot 13:00,** oop sal wees vir die publiek vir E-Natis transaksies (**uitgesluit** padwaardigheid);

1.10 Dat die munisipale kantore op Woensdag 24 Desember 2025 om 10:00 sal sluit;

1.11 Dat die volle diens op Maandag 05 Januarie 2026 hervat sal word;

1.12 Dat die Hoof: Kommunikasie al die platforms gebruik om die noodnommers, kantoorsluitings en reëlings oor die Kerstyd aan die publiek te kommunikeer, insluitend op alle TV's en eksterne adverteringsborde (elektronies);

1.13 Dat alle werknemers die toegestane addisionele vier (4) dae spesiale verlof op die ESS-stelsel sal voltooi; en

1.14 Dat geen formele vergaderings waar Raadslede betrokke is, gehou sal word tussen Maandag 15 Desember 2025 en Woensdag 15 Januarie 2026 nie.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN017/10/2025**
**POLICY FOR THE NAMING AND RENAMING OF COMMUNITY FACILITIES**
**17/7/5/B**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die beleid terugverwys word na die Direkteur Gemeenskapsdienste vir heroorweging van die struktuur van die "Advisory Panel".

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN018/10/2025**
**OFFER TO MAINTAIN ROOIBAAI JETTY (VELDDRIF)**
**17/13/2**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelde.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Council takes note and approve the contents of the report;
2. That Council accepts the donation from Mr. Pieter Kroon to do the maintenance of the Rooibaai Jetties and slipway;
3. That Council will contribute to the project if funds are made available in the adjustment budget; and
4. That Council accepts the fact that Mr. Pieter Kroon will be responsible for the safety of the site during the maintenance of the project.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN012/10/2025**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: GOEDKEURING VIR DIE OPGRADERING VAN ABBATOIRSTRAAT, VELDDRIF**
**9/1/2**

***(Item word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Raadsheer De Vries lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee met betrekking tot prioriteitsbepalings en vergelykings tussen Kerklaan en Abbatoirstraat, begrotingsvereistes en implikasies, interne kapasiteit ensovoorts.

**BESLUIT**

Dat 'n inspeksie ter plaatse uitgevoer word om te besluit watter opsie in die beste belang van die gemeenskap sal wees.

***RAADSHEER DE VRIES EN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN013/10/2025**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TRAVEL AND SUBSISTENCE POLICY FOR COUNCILLORS**
**2/B**

***(Item word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**BESLUIT**

1. Dat die Beleid terugverwys word na die Direkteur Korporatiewe Dienste vir die aanbring van wysigings soos uitgelig en die bywerking van insette;
2. Dat alle insette van Raadslede teen Vrydag 24 Oktober 2025 aan die Direkteur Korporatiewe Dienste voorsien moet word; en
3. Dat paragrawe 5.4 en 6.1 intussen met onmiddellike effek uit die Beleid verwyder word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE EN BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN019/10/2025**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN020/10/2025**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN021/10/2025**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN022/10/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 12:25, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder en die Komitee Beampte die vergadering in-komitee voortsit)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:42*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***